# Plaaslike geskiedenis

## Hoe om meer te wete te kom van die hede in 'n plaaslike gebied

Plaaslik beteken na aan 'n gebied waar jy woon. Geskiedenis gaan oor hoe mense, plekke en goed met verloop van tyd verander het.

### Hoe ons meer te wete kom oor 'n plaaslike gebied

Ons kan 'n plaaslike gebied beter leer ken deur inligting te soek in:

- prente
- geskrifte
- stories en **onderhoude** met mense
- voorwerpe

Geskiedenis kan ons ook help om dit wat in die hede gebeur, te verstaan.

Ons gaan nou inligting oor Seepunt in die Wes-Kaap **ondersoek**.

#### Inligting uit prente

Die mense, voorwerp of agtergrond op 'n foto vertel nie vir ons genoeg inligting nie.



'n Graad 4-klas van die Laerskool Seepunt

#### Inligting uit voorwerpe

Dit is soms moeilik om die betekenis van voorwerpe te verstaan. Ons kan nie uitwerk wat die prentjies op 'n skoolwapen beteken nie, tensy ons meer inligting het.



Dit is 'n mosaïek van Laerskool Seepunt se skoolwapen

 ©My A Plus (2024)